Inligting: Gr. 1-Ope dag 2024

Dit is vir ons 'n voorreg om u as voornemende ouers hier by Laerskool Fairland te verwelkom.

Onthou asb. dat hierdie dag spesiaal vir ons toekomstige leerders is. In Oktober bied ons 'n inligtingsaand aan wat meer van toepassing op ons ouers is. U is egter welkom om met enige gr. 1-personeellid te gesels.

Indien u egter enige navrae het, is u welkom om 'n e-pos aan karen@laerskoolfairland.co.za te stuur.

Aansoek om toelating

Daar is nog nie 'n datum deur die GDO vir die opening van die aanlyn-aansoekproses van 2025 vasgestel nie.

Die aansoekproses open gewoonlik, in opdrag van die GDO, in die tweede kwartaal. Sodra ons die inligting van die GDO ontvang, sal ons dit op ons webtuiste asook FB-blad plaas.

Aansoekvorm

Aansoekvorms is beskikbaar by Karén Reyneke (gazebo – hoofhek). Die vorm moet asb. volledig voltooi word en per e-pos aan karen@laerskoolfairland.co.za gestuur of kan per hand ingehandig word.

LET WEL: Hierdie aansoekvorm vervang nie die GDO-aanlynproses nie. U moet nog steeds aanlyn aansoek doen. Die aansoekvorm is vir Laerskool Fairland se rekords.

'n Kykie in die hart van ons skool

Op die terrein waar hoenders en poue net so tuis is soos kaalvoet-skoolkinders, leer ons ons leerders om van vroeg af na diertjies om te sien. Die vriendelike en hardwerkende personeelkorps implementeer die waarde- en beloningstelsel om verantwoordelike leerders te kweek.

Gr. 7-leerlingraadslede wat vandag betrokke is, is 'n sprekende voorbeeld van die waardes wat ons uitleef.

Ons het ook 'n baie betrokke ouergemeenskap – ouers was verantwoordelik vir die pragtige geverfde panele en ook die eetgoed vir vandag. U gaan die geleentheid in 2025 kry om ook betrokke te raak.

1. Algemeen

1.1 Veiligheid

Daar is voor en na skool 'n wag wat diens by die gr. 1-hekkie in 7de laan doen. Sekuriteitskameras is in die klasse, op die stoepe en speelterreine aangebring.

Ons het 'n baie goeie verhouding met Beagle Watch-sekuriteitsmaatskappy wat gereeld om die skool patrolleer en tydens byeenkomste ekstra wagte om ons skool plaas. Hulle doen soggens en in die middae ook diens by die brug in Rugbystraat.

1.2 Afknou-gedrag

'n Kundige persoon word elke jaar kwartaalliks gereël om met die leerders oor afknou-gedrag te kom praat. Hulle word ook geleer hoe om teen so 'n leerder op te tree.

1.3 Skoolgeld

Die skoolgeld word in Oktober van elke jaar tydens die Algemene Ouervergadering bepaal. Deposito is betaalbaar teen November 2024 en is aftrekbaar van 2025 se skoolgeld. Balans is dan betaalbaar oor 10 maande. Hierdie inligting sal in die skool se amptelike inskrywingsvorms/skakel beskikbaar wees.

Skoolgeld vir 2024 is soos volg: **R25 300** per leerder (jaarlikse skoolfoto's en laastedag-aktiwiteite ingesluit)

1.4 Vere-kas

Dit is 'n winkeltjie op die perseel waar tweedehandse skool- en sportdrag teen baie billike pryse te koop aangebied word.

Dit word voor of na skool deur mammas beman.

1.5 Naskoolsentrum

Die middagprogram by die naskool wissel waar leerders eers tuiswerk in spesifieke klaslokale doen en daarna speeltyd in die parkie geniet.

Ouers kan middagetes, wat direk na skool by die naskoolsentrum afgelewer word, by die snoepie bestel.

Naskoolgeld vir 2024 is soos volg: **R10 210 per leerder vir die jaar**

Naskool is oop gedurende skoolvakansies, maar is op OPENBARE VAKANSIEDAE en DESEMBERVAKANSIE gesluit.

1.6 Instappies

'n Paar instappies word jaarliks vir die grondslagfase gereël en temas word afgewissel.

1.7 Klasverteenwoordigers

'n Klasverteenwoordiger en hulp-klasverteenwoordiger, wat behulpsaam is met die deurgee van inligting aan die ouers, word elke jaar uit die ouers van elke klas verkies.

1.8 Vinkie

Ons weeklikse nuusbrief word die Vinkie genoem en word op 'n Donderdag uitgestuur. Belangrike inligting word weekliks daarin deurgegee aan ons ouers. In 'n 4-dag week word die dag en datum dienooreenkomstig aangepas.

1.9 d6 Connect

Ons enigste kommunikasiemiddel met ons ouers. Dit is 'n toepassing wat ouers op hul selfone, skootrekenaars of "i-Pads" kan aflaai. Dit is van kardinale belang dat ouers hul samewerking in dié verband sal gee.

2. Akademie

2.1 Skooltye (vir gr. 1-leerders)

- Maandae en Donderdae 07:25 – 13:15
- Dinsdae, Woensdae en Vrydae 07:25 – 12:45
- Wagarea voor skool: Vir die eerste twee weke ontvang die assistent-opvoeders die nuwe gr. 1-maats in die parkie.
- Wagklas na skool: Maandae en Donderdae 13:15 – 14:00
  Dinsdae en Woensdae 12:45 – 13:30

Geen wagklas op Vrydae nie.

2.2 Personeel

Ons is in die bevoorregte posisie om te kan spog met ses gr. 1-klasse met toegewyde opvoeders en drie assistent-opvoeders wat tussen die klasse roteer.

'n Maksimum van nagenoeg 27 leerders word in 'n klas geplaas.

Algemene werkers sien daagliks toe dat die lokale skoongemaak word.

2.3 Pousetye

Daar is twee pousetye omdat ons die junior- en seniorleerders skei.

2.4 Ondersteuningsonderrig

Die Takbokkiesentrum bied ekstra ondersteuning aan leerders wat aangemeld is.

2.5 Terapeute en sielkundiges

'n Aantal terapeute en sielkundiges skakel by die skool in, nl. arbeids-, spraakterapeute en opvoedkundige sielkundiges indien dit benodig word.

2.6 Leerareas en assessering

- Afrikaans Huistaal, Engels addisionele taal, Wiskunde, Lewensvaardighede en 'n tweede addisionele taal, nl. isiZulu.
- Die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring word gevolg, waaronder ons die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring gebruik. (CAPS)
- Assessering vind deurlopend, informeel en d.m.v. formele assesseringstake plaas.
- Elke klaslokaal is toegerus met 'n interaktiewe witbord en die opvoeders maak graag gebruik daarvan.
- Rekenaars: Rekenaarvaardighede word d.m.v. perseptuele Wiskunde- en/of leesvaardighede programme in die rekenaarsentrum aangebied. Kodering en tikvaardighede word vanaf gr. R aangebied.
- Mediasentrum: Die leerders kry geleentheid om een maal per week die sentrum te besoek om 'n liefde vir lees te kweek.
- Liggaamlike opvoeding: Word twee maal per week deur 'n opgeleide fasiliteerder aangebied.

3. Sport

Atletiek, mini-netbal, TAU-rugby, mini-hokkie en mini-krieket word as aktiwiteite binne skoolverband gesien en word gratis deur die skool aangebied.

4. Kultuur

Ouers kan leerders inskryf vir die interskole Kollig Kunswedstryd wat elke jaar plaasvind. Leerders kan ook deelneem aan Redenaars, Revue en Laerskool Fairland se sanggroepe.

Drama en Solosang word ook gratis by die skool aangebied.

Visie, Missie en Kernwaardes

Visie: Laerskool Fairland streef daarna om elke leerder se unieke karakter en talente optimaal te ontwikkel deur geleentheidskepping en liefdevolle leiding.

Missie: Laerskool Fairland stel homself ten doel om elke kind se potensiaal te ontsluit deur 'n waarde-stelsel wat hulle help ontwikkel in 'n suksesvolle selfstandige leerder.

Daarbenewens streef ons daarna om kwaliteit opvoeding te voorsien deur dinamiese personeel wat deur 'n bekwame beheerliggaam en betrokke ouers ondersteun word.

Kernwaardes

Ons waardestelsel sluit die volgende beginsels in:

- respek
- mensliewendheid
- eerlikheid
- lojaliteit
- hoflikheid
- mededeelsaamheid
- selfdissipline
- nederigheid
- verdraagsaamheid
- pligsgetrouheid

en ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Ons hoop en vertrou dat u die besoek aan Laerskool Fairland saam met u kind geniet het!

Veilig ry.